

VOORSITTERS-VERSLAG

INLEIDING

Die komitee het weereens die genoeë om verslag te doen van ons rentmeesterskap.

Vergun my om eerstens hulde te bring aan my voorganger, Dan Fick en sy vrou Liz, vir hul onbaatsugtige bydrae tot die Bettysbaai Belastingbelaters-vereniging (BBBV) oor 'n tydperk van tien jaar, onderskeidelik in die posisie as voorsitter en sekretaresse. Die vaste grondslag wat hulle gelê het, het dit maklik gemaak vir my as nuweling in die dorp, om die leisels van die BBBV oor te neem. Ek was bevoorreg dat Adrian de Kock, met sy uitstekende finansiële kundigheid aangebly het as tesourier en ook bereid was om as sekretaris te ageer. Twee lede van die vorige komitee, Richard Stark en Wilna Rademeyer, het kontinuïteit aan die werksaamhede van die BBBV gegee. 'n Woord van opregte dank aan al die lede van die komitee vir die toewyding en entoesiasme waarmee hulle hul portefeuljies hanteer het in diens van die gemeenskap van Bettysbaai.

Ons is ook dank verskuldig aan die lede van die BBBV en ander inwoners wat hul betrokkenheid gewys het, vir hul ruimhartige geldelike skenkings vir verskeie projekte gedurende 2015. Dankie vir julle lojale ondersteuning.

Ons wil ook ons wyks-raadslid, Lisel Krige, bedank vir haar hulp en ondersteuning gedurende die jaar.

Ons moes ongelukkig met leedwese afskeid neem van die geliefde Avril Nun, wat op in Februarie op die ouderdom van 91jaar gesterf het. Sy het die bewondering van die Bettysbaai gemeenskap afgedwing vanweë die onbaarsugtige bydraes gelewer aan die gemeenskap. Sy sal veral onthou word vir haar voorsitterskap van die ' Betty's Bay Wild Flower Society' en die leiding wat sy gegee het gedurende die organisasie se oorgang en vestiging as 'n tak van die Botaniese Vereniging van Suid Afrika. Met haar agtergrond van chemie, het sy 'n waardevolle bydrae gelewer tot die werk van die BBBV in die portefeulje van water en sanitasie. In 2013 het sy die Burgemeesters -toekenning vir Uitmintetheid gekry. Avril, ons salueer jou.

KOMITEE

Die uitvoerende komitee het uit die volgende lede bestaan:

Voorsitter:	Rudi Perold
Onder- voorsitter	Heine Foot
Tesourier/sekretaris:	Adrian de Kock

Die komitee het voortgegaan om hul werksaamhede te struktureer volgens portefeuljes, ten einde die verskillende uitdagings van die lede as belastingbetalers , aan te spreek.

Hierdie portefeuljes is:

Water, grys water en sanitasie: Richard Stark

Sandduin bestuur

Strande en fasiliteite: Hilda van der Merwe

Paaie en stormwater: Wilna Rademeyer

Eiendoms- beplanning en ontwikkeling: Rudi Perold
Martin van Rooyen is in September 2015 gekoöpteer.

Brand en nooddienste: Alhoewel Wendy Rawse in die posisie gekies was, het sy nooit haar pligte opgeneem nie en het uiteindelik bedank.

Veiligheid en Sekerheid: Rudi Perold
Kobus Kirsten is in Oktober 2015 gekoöpteer

Grassula Saal: Heine Foot

Whale Coast Ontwikkelings-Forum: Heine Foot (verteenwoordiger)
Rudi Perold (sekundus)

Wyk 10 Overstrand Municipaliteit: Rudi Perold (verteenwoordiger)

Die volgende lede het aangedui dat hulle gewillig is om weer op die komitee te dien:

Rudi Perold
Heine Foot
Adrian de Kock (slegs as terourier)
Richard Starke
Wilna Rademeyer
Hilda van der Merwe

Ek doen 'n beroep op plaaslike inwoners wat lede van die belastingbetalers-vereniging is, om hulself beskikbaar te stel om die gemeenskap van Bettysbaai op die komitee van die BBBV te dien. Die volgende posisies/portefeuljes is vakant en moet by ons Algemene Jaarvergadering gevul word:

- Sekretaris/esse

- Eiendom, beplanning en ontwikkeling
- Brand en nooddienste
- Veiligheid en Sekerheid

DIE BUZZ

Die Buzz is die amptelike nuusbrieff van die vereniging. Hierdie jaar het ons ook “n nuwe redakteur gekry byname van Helen George, nadat Nic Swart die tuig neergelê het. Ons bedank Nic vir al die baie ure wat hy ingesit het om die Buzz op ‘n stewige fondament te vestig. Elke maand word 200 kopieë gedruk en versprei by plaaslike besighede en die Bettysbaai Openbare Biblioteek. Die Buzz kan ook op ons webwerf gelees word. Dankie Helen, vir jou toewyding en goeie werk wat vele komplimente van die publiek uitgelok het.

WEBWERF

Die nuwe webmeester van die BBBV is Donn Ingle. Dankie vir die lang ure wat jy voor die rekenaar deurbring om ons lede ingelig te hou. Donn het veranderinge aangebring aan die webblad, die uitleg en ontwerp. Die uitleg is gebruikersvriendelik en het positiewe kommentaar uitgelok. Ek doen ‘n beroep op alle belastingbetalers om die webwerf gereeld te besoek, want dit is nog ‘n manier waarop ons julle ingelig wil hou. Dit is nie altyd moontlik om persoonlik met elkeen te kommunikeer nie. Lede word versoek om fotos en artikels in te stuur van ons pragtige dorp en omgewing, vir plasing op die webwerf.

LIDMAATSKAP

Die ledetal staan tans op 399, wat 8 lewenslange lede insluit. Ons is tans die vereniging met die grootste ledetal. Alle eienaars van eiendom word aangemoedig om by die vereniging aan te sluit, teneinde ons stem betreffende munisipale sake te versterk. Onthou dat die betaling van eiendoms-belasting aan die Overstrand Munisipaliteit (OM) jou nie outomaties kwalifiseer as lid van die vereniging nie. Lidmaatskapfooie is tans R60 per jaar. Kontak asb. ons tesourier in hierdie verband.

MUNISIPALE AANGELEENTHEDE

Die openbare deelname aan munisipale aangeleenthede word gedoen deur die wyk komitee stelsel. Die BBBV word op die komitee vergaderings van Wyk 10 deur die voorsitter verteenwoordig.

Die Konsep Begroting vir 2015/16 was by die Whale Coast Ontwikkellings- Forum, waarvan die BBBV ‘n lid is, bespreek en ontleed. Die forum was besorg oor die hoë salaris begroting van die topbestuur. Dit is duidelik dat hierdie salarisse nie volhoubaar is nie en onbekostigbaar geword het vir die belastingbetaler. Een van die

gevolge is 'n Kapitale Begroting wat voortdurend verminder word. Die Kapitale Begroting van R 103,9m vir die 2015/16 Finansiële Jaar (FJ) is 15,4% minder in vergelyking met die 2014/15 aangepaste begroting.

In die lig van die dalende Kapitale Begroting was daar kommer of die Overstrand Munisipaliteit in staat sou wees om die huidige Kapitale Infrastruktuur te onderhou. Die volhoubaarheid van die onderhoud van hierdie items is ook bevestig, veral met die bedrag van R 100,000 per jaar om die instandhoudings-koste te dek.

Die implikasie vir Bettysbaai is dat daar jaarliks minder geld beskikbaar sal wees vir Kapitale Projekte en die onderhoud van infrastruktuur soos paaie, stormwater pype, loopplanke, ens. Soos vorige jare het die BBBV 'n lys voorsien van behoeftes ter oorweging vir die begroting vir ons streek. Soos in die vorige FJ is hierdie 'wenslys' nie ten volle geadresseer nie, as gevolg van geldelike beperkings en druk op die begroting in die nuwe FJ.

Met die ewig dalende begroting, word voorsien dat ons as belastingbetalers in die toekoms oorweging sal moet skenk aan 'n spesiale heffing ten einde ons behoeftes te adresseer. Die vestiging van 'n Sentrale Verbeterde Distrik is egter 'n lang proses, aangesien die nodige wette en regulasies nie in plek is nie en 51% van die belastingbetalers goedkeuring moet gee vir sodanige spesiale heffing deur middel van 'n openbare deelname proses met stemming.

Die portefeulje bestuurders het gesonde verhoudings met die munisipale amptenare opgebou en kommunikeer die behoeftes van Bettysbaai en sy inwoners op 'n gereelde grondslag. Dikwels is daar min reaksie, hoofsaaklik omdat hulle hande ook afgekap is as gevolg van 'n gebrek aan fondse en mannekrag.

VEILIGHEID EN SEKERHEID

Een van die grootste uitdagings wat die gemeenskap van Bettysbaai in die gesig staar, is die huidige misdaad situasie, met 'n toename in inbrake.

Die Veiligheid Strukture wat in Bettysbaai in plek was, het aan die einde van 2014 platgeval, aangesien die algemene jaarvergadering van die Kleinmond Gemeenskaps-Polisiërings Forum (KGPF), waarop Bettysbaai sitting het, onkonstitusioneel verklaar was. Soos julle weet moet die Bettysbaai Buurtweg onder die vleuel van die GPF funksioneer. Gevolglik kon die Bettysbaai Buurtweg ook nie voortbestaan nie, hoewel sekere sektore van die gemeenskap voortgegaan het om as 'n waghond te funksioneer. 'n Woord van dank vir julle toewyding.

In Oktober vanjaar is die Kleinmond GPF weer in die lewe geroep, met verteenwoordiging van die BBBV op die komitee. Dit open nou die deur vir die herinstelling van 'n wettige Buurtweg Struktuur. Aangesien Dan Fick, die ko-ordineerder

van die Buurtwag was, en nie meer beskikbaar is nie, is die struktuur nog nie in plek nie. Iemand uit die gemeenskap word benodig om die leisels op te neem.

Die BBBV ondersoek tans die lewensvatbaarheid van 'n Veiligheid Strategie en 'n Risiko Bestuursprojek in die area. Ons glo dat dit nodig is om te soek na 'n nuwe, innoverende benadering tot die huidige veiligheid situasie wat nie slegs reaktief is nie, maar pro-aktief om misdaad te voorkom.

Ons is dus in die proses om te onderhandel met 'n maatskappy, Millennium Management, wat spesialiseer in risiko bestuur. Die eerste fase van ons plan om 'n risiko bestuurs-plan te inisieer, het die mandaat van die oorgrote meerderheid van lede teenwoordig by 'n openbare vergadering. Ten behoeve van hierdie saak het van ons lede en belastingbetalers ruimhartig geldelike skenkings gemaak. Die totale bedrag ontvang by die skryf van hierdie verslag, is R 27,300-00. Die maatskappy wat ons genader het, onderneem nou die operassionele verkenning oor 'n tydperk van 3 tot 4 weke. Dit sal gevolg word met 'n kwotasie aan die komitee vir oorweging in terme van koste en volhoubaarheid.

Bettysbaai is 'n leefstyl dorp en die verwagte uitkoms van die Veiligheid Strategie is om die rustige leefstyl waaraan ons gewoond was en wat so uniek aan ons lewenswyse, welsyn en veiligheid was, te herstel en die waarde van ons eiendom te verhoog.

Ons moet 'n veiliger gemeenskap bou wat veerkragtig is omdat hulle aktief betrokke en georganiseerd is en inligting en hulpbronne deel. Daardeur moet ons sorg dat kriminele dade, soos dwelmmisbruik en bendes nie sistemies word binne die gemeenskap nie. Ons het 'n holistiese benadering nodig.

BRANDBESTRYDING

Bettysbaai is in die bevoorregte posisie om oor die dienste van 'n Vrywilliger Gemeenskap Brandbestrydersdiens te beskik. Dit vereis toewyding en baie ure van opleiding om 'n vrywilliger te wees.

Gedurende die vuur van Februarie 2015 het hulle 'n aktiewe rol gespeel om vure te bestry wat in die dorp gewoed het, om saam met hulle voltydse professionele kollegas huis en haard te beskerm. Die raadslid van Wyk 10, Lisel Krige, was gedurig teenwoordig om te ondersteun en help en die gemeenskap het die brandbestryders aktief ondersteun deur die verskaffing van verversings.

As gevolg van die toewyding van die vrywilligers het 'n aantal inwoners hul waardering getoon deur fondse te skenk vir die werk van die Vrywilliger Brandbestryders van Bettysbaai. Aangesien die verteenwoordiger van die vrywilligers vroeg in die jaar van die komitee onttrek het, het ek samesprekings met die Overstrand Munisipaliteit se Brandbestryding en Ramp-bestuurs -afdeling

gehad. Ons in nou in die proses om fondse toe te ken, volgens hulle ge-identifiseerde behoeftes. Dankie aan die vrywilligers vir hulle entoesiasme en ondersteuning van die gemeenskap.

DUINE BESTUUR

Die Duine Belangegroep onder die leiding van Gotlieb van der Merwe, maak goeie vordering. Laurie Barwell is as konsultant aangestel en 'n Strand Bestuurs-Plan is ontwikkel teen 'n koste van R75,000-00, waarvan Overstrand Munisipaliteit R25,000 bygedra het. Skenkings van die gemeenskap is gedeponeer in die rekening van die BBBV en opsy gesit vir hierdie projek. Skenkings beloop R 35,000, waarvan die BBBV self R2,000-00 geskenk het.

Die volgende stap in die proses om die plan te laat goedkeur, is die Openbare Deelname Fase. Die openbare vergadering vir die aanbieding van die Bettysbaai Bestuurs-plan sal op 21 November 2015 om 1600 in die gemeenskaps-saal in Pringlebaai plaasvind. Die Bestuursplan is ook op die Overstrand Webwerf (www.overstrand.gov.za) beskikbaar.

SLOT

Die komitee waardeur die bydrae van elke lid van die belastingbetalers-vereniging. Ons lidmaatskap getalle bewys dat die mense van Bettysbaai betrokke wil wees in die addressering van die uitdagings van ons dorp. Dankie vir die advies, ondersteuning en konstruktiewe kritiek via eposse en die telefoon.

Ons sien daarna uit om die uitdagings wat voorlê aan te pak en van diens te wees in 2016.

RUDI PEROLD
November 2015